## Les 7 Ons ken die liefde wat God vir ons het en ons glo in sy liefde vir ons.

### 1. Die evangelie is hoe God ons as sondaars liefhet.

Die apostel Johannes gee ŉ baie kort en kragtige opsomming van wat die evangelie is in sy brief 1 Johannes 4 vers 16: "En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin."

Hy beskryf hierdie liefde in hoofstuk 4 vers 9 en 10 só: "Hierin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes."

Wie Jesus is en wat Jesus vir ons doen, is hoe God sy liefde aan ons openbaar en bewys.

Dit is wat die evangelie is: dit is hoe God sy liefde vir ons openbaar en bewys. "Openbaar" beteken om bekend te maak. "Bewys" beteken om jou deel te maak van sy liefde. Die evangelie is hoe God sy liefde vir ons bekend maak en ons deel van sy liefde maak.

### 2. Die evangelie is God se liefde vir ons.

Ons het in die vorige les gesien dat die Apostoliese geloofsbelydenis is ŉ kort samevatting van die evangelie. Kom ons kyk weer daarna.

**<u>Die Apostoliese Geloofsbelydenis</u>**

| | |
|---|---|
| Artikel 1: | Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; |
| Artikel 2: | en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; |
| Artikel 3: | wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria; |
| Artikel 4: | wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel; |
| Artikel 5: | wat op die derde dag opgestaan het uit die dood; |
| Artikel 6: | opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, |
| Artikel 7: | vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel. |
| Artikel 8: | Ek glo in die Heilige Gees; |
| Artikel 9: | ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; |
| Artikel 10: | die vergewing van sondes; |
| Artikel 11: | die opstanding van die liggaam |
| Artikel 12: | en 'n ewige lewe. |

Ons moet baie versigtig wees wanneer ons kyk na hierdie geloofsbelydenis. Hierdie is nie die Christelike kerk se leerstellings nie. Die kerk het nie eendag bymekaar gekom en toe besluit dit is wat hulle gaan preek en leer nie. Die Here Jesus het alles in hierdie evangelie self gewys en self gedoen as die manier waarop Hy ons liefhet. Daarom is die evangelie nie sommer maar die kerk se leerstellings nie.

In ’n sekere sin is dit ook nie ons geloof soos ons besluit het ons kerk glo nie. Die kerk het nie bymekaar gekom en besluit wat hulle wil glo oor God nie. Die Here Jesus het sy liefde bewys in alles wat Hy gedoen het en daarom glo ons in die evangelie as die liefde wat Hy aan ons bewys het. Dit is nie wat ons sommer net besluit het ons wil glo nie. Ons glo so omdat dit is hoe God ons liefhet.

Wat ons in hierdie geloofsbelydenis sien, is hoe God sy liefde aan ons openbaar en bewys het. Hierdie evangelie is hoe God se liefde bekend is.

Sy liefde is bekend gemaak deur die Vader wat sy Seun gestuur het as versoening vir ons sondes. So, hierdie is die waarvoor die Vader die Seun gestuur het: om gebore, te word, te ly, ste sterf en alles soos dit hierdie in die evangelie beskryf word.

Ons ken die Vader se liefde vir ons wanneer ons in hierdie evangelie sien waarvoor Hy sy Seun gestuur het: om alles te doen sodat ons nie gestraf of veroordeel sal word vir ons sondes nie.

Hierdie evangelie waarna ons in die Geloofsbelydenis kyk, is ook hoe God sy liefde aan ons bewys het. Om ingesluit te word by die liefde wat God vir ons het, beteken om ingesluit te word in alles wat ons hier sien in die evangelie. Die Here laat ons in alles deel wat Hy vir ons gedoen het en gee vir alles wat hier as gawes van God bely word.

Ons word ingesluit in Jesus se lyding, sterwe, kruisiging, graf, hel, opstanding en hemelvaart en daarom ontvang ons vergifnis, die opstanding uit die dood en die ewige lewe. Dit is hoe ons ingesluit word en deel het aan die liefde wat God vir ons het: om ingesluit te word en deel te wees van die evangelie.

**3. Ons glo in die liefde van God nie ons liefde vir God nie.**
Wanneer ’n mens na die evangelie kyk soos ons dit sien binne die geloofsbelydenis hierbo, staan daar elke keer net een woord: “ons glo.”

Dit is net soos die Bybel wys wat ons met god se liefde doen: ““En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin.” Wat maak jy wanneer God bewys dat Hy jou liefhet en vir jou laat deel in hierdie liefde wat Hy vir jou het?

Jy glo in sy liefde. Dit is al wat jy met God se liefde kan doen. Jy kan sy liefde glo.

Daarom staan daar in elke deel van die evangelie: Ek glo in God, die Vader en sy Seun, ek glo in die Heilige Gees en ek glo aan alles wat God my in laat deel.

Kyk na die verskil tussen “glo in” en “glo aan”! Ons glo in die Vader en die Seun en die Gees, maar ons glo aan wat God ons in laat deel. Dit is hoe liefde geglo word.

Ons glo in Hom wat ons liefhet en ons glo in alles wat Hy in sy liefde aan ons meedeel.

Daarom is daar nooit so iets soos ons glo die kerk se leerstellings of ons glo in ons manier om God te dien nie. Hierdie manier waarop mense sê hulle glo, is nooit geloof in die evangelie nie. Ons glo in God se liefde, die evangelie. Daarom glo ons ook nooit in ons manier van bid of kerkhou nie.

Kyk weer mooi na hierdie teksvers: "Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes." Ons glo in die werklike liefde van God, ons glo nie ons ons liefde wat nie werklike liefde is nie. Daarom glo ons ook nie in ons manier van bid, ons manier om kerk te hou of ons manier om die Here te dien nie. Wanneer jy in sulke goed glo, dan glo jy in dit wat volgens die Bybel nie werklike liefde is nie. Want mense se liefde vir God is nie die werklike liefde nie. Die werklike liefde is God se liefde vir ons. En hierdie liefde is die evangelie.

**4. Ons ken die Here se liefde vir ons.**
Die liefde wat God vir ons het, ken ons. Dit is nie geheime liefde nie. God se liefde is nie sommer net so groot gevoel wat jy moet voel maar eintlik nie weet wat dit is nie. Dit is hoe baie mense liefde sien, sommer net so groot gevoel wat ŉ groot geheim is waaroor niemand iets eintlik mag sê nie.

Die liefde wat God vir ons het, is alles wat ons in die evangelie sien. God wys dit so dat jy hierdie liefde regtig kan ken. Jy kan weet dat die Here vir jou gebore is, vir jou gely het, vir jou gekruisig is, vir jou gesterf het, vir jou begrawe is en ter helle neergedaal het en vir jou uit die dood uit opgestaan het en opgevaar het na die hemel.

God se liefde is altyd die geloofskennis van die evangelie. Hierdie liefde wat God vir jou het in die evangelie word in die woord van die Here bekend gemaak sodat jy kan weet wat sy liefde doen en hoe jy in hierdie liefde deel.

Jy kan dit dag vir dag in die Bybel lees en leer: hoe het God jou lief! Jy kan al meer en meer hierdie liefde ken en begryp.

**5. Ons vertrou die Here se liefde vir ons.**
Wanneer die Here ons insluit en laat deel in alles wat Hy vir ons in die evangelie doen, dan vertrou ons Hom daarvoor.

Vertrou beteken ons weet ons deel daarin en ons maak staat daarop dat ons daarin deel. Dit is al wat geloof is: om te weet God het jou lief en om op sy liefde vir jou staat te maak

Ons geloof in God se liefde is heeltemal iets anders as ons liefde vir God.

Ons geloof is om God se evangelie te ken en te vertrou as sy liefde vir ons. Ons liefde vir die Here is om die gebooie van die Here te gehoorsaam.

Dit is wat Paulus wys in sy brief Galasiërs: “[12] By die wet gaan dit egter nie om geloof nie, maar om die daad, want daar staan: “Hy wat doen wat die wet sê sal daardeur lewe.”

Ons glo in God se liefde vir ons, die evangelie en ons het God volgens sy wet liefde deur te doen wat Hy in die wet vir ons wys.